*"Lig uit Lig,*
*tot lig vir die nasies"*
*(NICEA 1 700)*

**Sondag, 26 Oktober 2025**
**Hervormingsfees**

**SOLA GRATIA – *"Maar met jou..."***

*Toe die Here sien... dat alles wat hy in sy hart bedink, altyd net sleg is, was die Here jammer dat Hy die mens op die aarde gemaak het. Dit het Hom tot in sy hart gegrief.*
*Maar met jou sluit Ek my verbond. Jy sal in die ark ingaan, jy en jou seuns en jou vrou en jou seuns se vroue saam met jou.*
*(Gen. 6:5-6 & 18)*
*Ek skaam my immers nie vir die evangelie nie, want dit is die krag van God tot verlossing vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood, maar ook vir die Griek. Want daarin word geopenbaar dat die geregtigheid van God geheel en al op geloof berus, soos daar geskryf staan:*
*"Die regverdige op grond van geloof sal leef."*
*(Rom. 1:16-17)*

Die kontras tussen die skeppingsverhaal en die vloedverhaal is betekenisvol. In Genesis 1 het God keer op keer sy skeppingswerk gesien en telkens word dit wat God sien, as goed beskryf. Teen Genesis 6 het alles egter verander, weer word aangeteken dat God gesien het, maar dit wat God sien is allesbehalwe goed. God sien boosheid in die mens, in die hoogtepunt van sy skepping. God sien 'n hart wat net dit wat sleg is, kan bedink. Teenoor die tevredenheid in God se hart oor sy skepping, is daar nou spyt. Dit wat God sien wanneer Hy na die mensdom kyk, grief Hom. Dit wat God sien in die mens raak ook die res van die skepping – alles lyk vanuit God se perspektief vuil. God het die skepping vir Homself geskep, en nou is hierdie skepping nie meer vir God bruikbaar nie, met ander woorde, die skepping het sy rede vir bestaan verloor.

In hierdie hele skepping vind God slegs een spikkel van die rede vir sy bestaan, Noag. Noag word beskryf met woorde soos "*regverdige man*", "*onberispelik in sy optrede*" en "*naby God geleef*". Noag word die rede vir 'n nuwe Genesis, 'n nuwe begin, tussen God en mens. In hierdie donker oordeelsverhaal ontdek ons die rede waarom God nie met mense opgegee het tot vandag toe nie, ontdek ons die rede vir ons eie bestaan en kosbare beskerming van die verbond wat God met mense sluit. Ons ontdek die "genade alleen" beginsel wat mense soos ons enigste hoop is in mensheid wat verdrink in sonde. Hierdie selfde verhaal herhaal in die lewe van elke mens wanneer God uit genade alleen mense in Christus skoonwas, sodat ons naby aan God kan lewe. Hierdie genade wat ons red deur geloof in Jesus, is ons enigste hoop. Dit is dieselfde genade wat Martin Luther leer ken het in die Romeine brief en dieselfde genade wat die kerk van Christus steeds hier verkondig. En dit is dat God uit genade alleen 'n stukkie van sy skepping wat so verdorwe geraak het soos ek. Dat ek vir Hom geheel en al onbruikbaar geword het en my tog kom red. Dat daar ook in my lewe 'n "*Maar met jou...*" verhaal is. Nie omdat ek dit verdien nie – maar omdat God, God is. - **ds. Johan Marais**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds. Johan Marais en orrelis, mev. Magdaleen Venter in die kerk; die gesinsdiens in die saal, deur dr. Martin Laubscher. Welkom aan alle besoekers, nuwelinge en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *YouTube*-kanaal by die erediens inskakel.

**LITURGIE**

| | |
|---|---|
| **Votum:** | Lied 491:1,2,3&5 'k Het Jesus lief, Hy is my lig en krag |
| | Rom. 8:38-39 *"Ek is immers daarvan oortuig..."* |
| **Seëngroet:** | |
| **Loflied:** | Lied 475:1&2 Allerhoogste Hemelvader |
| **Herinnering aan die God se wil:** | Miga 6:6-8 "*Waarmee sal ek die Here tegemoetgaan..."* |
| **Verootmoediging:** | Lied 239:1&3 Jesus, Rots vir my geslaan |
| **Vryspraak:** | Miga 7:18-19 *"Wie is 'n God soos U?"* |
| **Danklied:** | Ps. 46:1&3 God is ons toevlug |
| **Wet as reël van dankbaarheid:** | Matt. 22: 37-40 & Deut. 5:6-21 |
| **Gebed:** | |
| **Skriflesing:** | Genesis 6:5-22 & Romeine 1:16-17 |
| **Verkondiging:** | **Tema: SOLA GRATIA – "Maar met jou..."** |
| **Gebed** | |
| **Geloofsbelydenis:** | Nicea |
| **Liefdegawes:** | |
| **Slotlied:** | Lied 521:1&2 Erkentlik deur die dae |

**Seënbede, Amen & Orrelnaspel**

Jy is welkom om met die orrelnaspel weer te sit en nog 'n oomblik van nadenke te geniet.

## Ander Eredienste:

| | |
|---|---|
| Sondag, 26 Okt | 15:00 – Teologiese student, Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – Ds. Kobus Botha *(Gesamentlike Hervormingsdag-erediens by die Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Noord)* |
| Saterdag, 1 Nov. | 19:00 - Ds Johan Marais – Erediens met die oog op die belydenis van geloof van 29 jongmense. |
| Sondag, 2 Nov. | 09:30 – Ds. Jan Lubbe - Nagmaal<br>15:00 – Teologiese student, Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 - Ds. Jan Lubbe - Taizé |

## Meelewing en voorbidding

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

26 Okt. Johan Botha en Chris de Wet
27 Okt. Leana Fourie, Lizelle Rossouw en Huanita Viviers
28 Okt. Willem Brink, Marietha du Plessis en Izak Louw
29 Okt. Dirk Coetzee en Linda Raath
30 Okt. Bianca Botha, Marlé Jansen, Loot Pretorius, Lize van den Berg,

Leoni van der Walt, Annemarie van Zyl en Magdaleen Venter
31 Okt. CF du Plessis en Petro Fourie
01 Nov. Celesté Hutton, Stefan Jacobsz, Anmari Joubert, Madelein Kymdell, Dawie Malan en Brigitte Vorster

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Valerie du Plessis (Rusticana 26, wyk 8c); Thea Botha (Santé aftreeoord 104, wyk 18); Phillip van Wyk (Wild Olive Heights 1, wyk 18); Jan van Rooyen (Serenitas 69, wyk 15); Tannie Choppie Ferreira (Morganstr. 28, wyk 6); Hanna-Mari Hoffman (Winterstr. 21, wyk 6a); Hercules Pretorius (Noorderbloem); Oom Kowie Wessels (Hillandale Aftree-oord, wyk 12b); Izak Herbert (Sedanstr. 4, wyk 19a); Chris Beukes (Serenitas 184, wyk 15). Ons dink aan almal wat op een of ander wyse 'n sieke of verswakte familielid moet ondersteun.

Ons innige meegevoel met Somarie en Jannie met die heengaan van hulle moeder, Daleen Francis (Kiepersoloord 3, wyk 16). Ons dra haar familie en vriende aan die Here op. Die gedenkdiens vind plaas, DV op Maandag, 27 Oktober om 11:00 vanuit Berg-en-Dal

Ons innige meegevoel met Alida Attwell, Leslie en Cecilia (kinders), familie en vriende met die heengaan van, Leslie, (Japie Ludickstr. 20, wyk 18a). Leslie se gedenkdiens vind plaas, DV op Saterdag, 1 November om 10:00 vanuit Berg-en-Dal.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) o.l.v. Prof. Hermie van Zyl in die Konsistorie. *"Wat maak ons met die verskille tussen die Evangelies?"* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 082 784 9362.
Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep - **Geen byeenkoms hierdie week**.
Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) – in Konsistorie o.l.v. ds Johan Marais: *"Die Brief aan Efese – Die Here s'n!"* Indien jy wil inskakel, whatsApp jou naam na 084 517 8052.

## KERKRAADSAKE

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
In Oktober sorg **Wyke 19** (Bayswater en plase) en **20** (Waverley) vir ons gasvryheid; Sondae met tee en koffie in die binnehof en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter.
In **November** is Wyke **20**, **1** en **2** aan die beurt. Indien jy hiermee wil help, kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

**Verlof van personeel:**
Ds. Janke Hurter 23 - 28 Oktober 2025

## BEDIENINGE

Ons laaste rondte bedieningsvergaderings vir 2025 het reeds begin. Kom woon by, help terugkyk en beplan vir 2026...

| | | |
|---|---|---|
| **Geldsake:** | Maandag, | 27/10 om 17:30 |
| **Bestuursraad:** | Maandag, | 3/11 om 18:00 |

**JEUGBEDIENING**

**Sterkte aan al ons matriekleerders!**

Ons dink aan julle in hierdie eksamentyd en bid dat die Here julle rustigheid, wysheid en deursettingsvermoë sal gee.

**Graad 7 Erediens – 9 November om 18:00**

Alle graad 7's, ouers, oupas en oumas, word uitgenooi om hierdie baie spesiale erediens by te woon met die oog op die begin van 'n splinternuwe fase in julle lewens.

**Kategese 2026:** Wil jy 'n verskil maak in jong mense se geloofslewe? Ons benodig kategete om in 2026 ons kategesegroepe te help begelei op Sondagoggende en Woensdagaande. Kontak die leraars of die kerkkantoor as jy graag wil deel wees van hierdie bediening aan ons kinders.

**GETUIENISBEDIENING**

**Gemeentemark:** Eerskomende Vrydag, 31 Oktober. Skenkings van bruikbare klerasie & kombuisware baie welkom – baie dankie vir almal se ondersteuning!

**Siësta Sorgsentrum:** Siësta, Hospice en Pro Care bied bekostigbare verblyf vir individue of families wat tydelik verblyf benodig naby 'n geliefde, bejaarde of iemand wat behandeling ontvang. Kontak Viaan (083 394 7473) of Santjie (082 458 6469).

**KERMIS 2025**

Die kermis insameling vir 2025 staan tans op die rekord bedrag van R324 862,13. Ons lof aan die Here vir sy voorsiening en dank aan elke lidmaat wat op een of ander wyse betrokke was, skenkings gemaak het, gewerk het en ondersteun het. Ook 'n spesiale woord van dank aan die kermiskomitee onder leiding van Adrie Hechter. Julle vorm voorwaar 'n gedugte span.

**EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE**

SnapScan

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 26 Oktober: **Bybelgenootskap SA.**
U kan ook 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal betaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**

***Here, vervul my met u Gees,***
***skenk my medelye in lyding,***
***oorwinning in beproewing***
***en wysheid in versoeking.***
***Dit bid ek met danksegging.***
***Amen***

(Willie van der Merwe)